Skooleiendom

1. 'Skooleiendom' sluit die volgende in:

1.1 Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue

1.2 Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word

2. Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word.

3. Geen leerder mag enige skooleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraftoestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.

4. Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.

5. Leerders mag nie enige skooleiendom beskadig, skend of vernietig nie. Enige leerder wat enige skooleiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is 'n strafbare oortreding.

School property

1. 'School property' includes the following:

1.1 The grounds and buildings occupied by the school, as well as any permanent addition to such grounds and buildings

1.2 All other property, including equipment, books, stock, motor vehicles the school owns, rents or stores, or with regard to which the school could be held legally liable in case of any damage or loss

2. As the school had been developed and erected for the use of all learners who attend it, all learners are obligated to do everything in their power to protect the school's property in order for it to be utilised to the benefit of all current and future learners of the school.

3. No learner may remove any school property from the school grounds without the prior consent of the principal or an educator of the school.

4. Learners may not handle, damage, mark, deface or destroy any property of the staff of the school, fellow learners, visitors to the school, or members of the public. This rule applies to property on the school grounds, in the immediate vicinity of the school, at or near the venue of any school activity, as well as any vehicle with which learners are transported, and the property contained therein.

5. Learners may not damage, deface or destroy any school property. Any learner who deliberately misuses, damages or vandalises any school property has to replace or pay for such property. Destruction of and/or damage to property is a criminal offence.